## Die ontwikkeling van die siel op aarde en in die hiernamaals

**93** (Die Meester:) "Dit spreek vanself dat dit hier nie `n besondere geval betref nie, maar dat dit `n algemene riglyn is wat sowel by die leiding aan hierdie kant en in die besonder aan die ander kant gebruik word om `n siel uit die stoflikheid te haal wat haar lewe belemmer.

[2] Daarbenewens is daar nog tallose baie afwykende gevalle, wat elk op `n ietwat ander wyse behandel moet word; maar ongeag dit alles moet daar tog `n algemene riglyn wees waarna al die ander hulle uiteindelik moet rig, soos wat die aarde deur één reën bevrug moet word sodat die uitgesaaide saad daardeur kan begin ontkiem. Hoe die verskillende soorte sade, wat in die aarde wag om tot lewe gewek te word, dan dit uit die reëndruppel haal wat na hulle smaak is, dit is `n saak van die spesiale intelligensies van die geeste wat in die kiem woon en baie goed weet om vir hulle huis te sorg.

[3] Ek sê dit vir julle sodat julle kan insien hoe moeilik en moeisaam die weg na die voleinding van die innerlike lewe aan die ander kant is, en hoe maklik en vry dit hier gaan, waar die siel die stoflike liggaam nog om haar heen het waarin sy in die eerste instansie, hoe en wanneer sy dit maar wil, al haar aanwesige stoflikheid kan opslaan. Aan die ander kant is dit egter nie so eenvoudig nie, omdat die siel dan geen stoflike liggaam meer het nie en met haar voete ook nie meer oor `n stoflike bodem loop nie, maar oor `n geestelike, wat gebou word uit gedagtes en idees uit die siel, en wat beslis nie geskik is om die stoflike wat uit die siel afgeskei is, op te neem en vir ewig in haar te begrawe nie.

[4] Want vir dit wat uit die siel op haar bodem val, geld ongeveer dieselfde as vir `n klip wat mens vanaf hierdie aarde die eindelose ruimte sou wou inslinger. Ja, wie die krag sou besit om `n klip met so `n krag omhoog - of van hierdie aarde af weg - te slinger dat dit die snelheid van `n afgeskiete pyl dertig-duisendmaal sou oortref, die sou die klip homself inderdaad so ver van die aarde af verwyder dat dit nooit weer sou terugval nie; maar enige mindere krag sou dit nooit tot stand bring nie. Dit sou die klip wel meer of minder ver van die aarde af bring, maar as die krag waarmee die klip weggewerp is, ten gevolge van die voortdurende heel ver reikende aantrekkingskrag van die aarde minder en noodsaaklikerwys swakker sou word, sou die klip weer omkeer en steil na die aardbodem toe terugval.

[5] En kyk, so is dit ook met die stoflike, sondige brokstukke wat die siel in die hiernamaals nog met haar saamdra! Ook al verwyder die siel dit uit haarself en werp sy dit op die grond van haar wêreld, dan baat hierdie moeite haar min of so nou en dan selfs heeltemal niks nie, omdat die bodem van die siel waarop sy in die geesteswêreld staan en haar beweeg, eweseer `n deel van haarself is soos op aarde die aantrekkingskrag van hierdie aarde is, wat, al reik dit hóé ver na buite, tog `n deel bly van hierdie aarde en nie één atoom homself van haar laat verwyder nie.

[6] Dus, as die siel aan die ander kant al die growwe en stoflike uit haarself wil verwyder, moet `n hoër krag in haar werksaam word; **en dit is die krag wat in My Woord en in My Naam lê!** Want daar staan, komende uit die mond van Elohim, geskryf: 'Voor U Naam sal alle knieë hulle in die hemel, op aarde en onder die aarde buig!' Daardie laaste het betrekking op alle menslike skepsele van die tallose talle ander wêrelde in die eindelose skeppingsruimte; want in die hemele woon die kinders van Elohim wat reeds vir ewig volmaak is - en daarby enkel en alleen op hierdie aarde die kinders van Elohim in wording. As hierdie groot voorreg egter net aan hierdie aarde verleen is, dan is haar waarde vir Elohim hoër as die van alle ander hemelliggame; húlle staan dan moreel onder haar (die aarde) en dus ook hulle bewoners, wat dan bedoel word met 'die wat onder die aarde woon'.

[7] Dus, deur My woord en My Naam kan die siel eers heeltemal gesuiwer word. Maar dit gaan daar anderkant nie so maklik soos die mens hom dit miskien wil voorstel nie; daarvoor is langdurige voorbereidings nodig! Die siel moet eers heeltemal geoefen wees in **alle moontlike selfwerksaamheid** en moes reeds vooraf `n baie behoorlike krag in haar gehad het voordat dit vir haar moontlik kan word om My woord en uiteindelik selfs My Naam aan te neem.

[8] As `n siel egter eenmaal daartoe in staat is, dan sal dit vir haar maklik wees om ook die laaste stoflike atoom sodanig uit haar hele grondgebied te verwyder dat dit ewiglik nooit in haar kan terugval nie. Hoe en waarom sal onmiddellik getoon word!"

## Die ontwikkeling van die sielelewe

**94** Hierop sê Cyrenius, wat alles met gespanne aandag aangehoor het: "Meester, ek kan nie bepaald sê dat ek alles verstaan het nie; dit is vir my alles heeltemal duidelik - dit wil my net voorkom of dit alles vir my gedurende hierdie aardse bestaan ook weer eenmaal onduidelik sou kon word en dit sou my dan ongelukkig maak! Want alles wat ons nou uit U gewyde mond verneem het, gaan tog selfs die mees ontwikkelde menseverstand ietwat te bowe; daarom sou `n klein nabetragting oor die een en ander miskien nie oorbodig genoem kan word nie!"

[2] Ek sê: "Vriend, julle Romeine het `n baie goeie spreekwoord, wat ongeveer so lui: ‘Longum iter per praecepta, brevis et efficax per exempla!’* *(*Lank is*

*die pad deur middel van woorde, kort en doeltreffend deur middel van voorbeelde!)*

Kyk, dit is hier ook baie goed van toepassing! Wag vir die voorbeelde wat later gaan volg, wat Ek vir julle op wonderbaarlike wyse sal laat sien! Dit sal dit wat vir jou nou nog nie duidelik is nie, duidelik maak; die suiwer kern van die saak sal jy egter eers te wete kom as die suiwer Gees van die ewige Waarheid oor julle sal kom en julle sal lei in alle waarheid van die hemele en van alle wêrelde.

[3] Merk jy egter nie dat selfs in die natuur daar slegs een wet geld vir die groei van alle plante en diere nie?!

[4] Kyk, alle plante groei en vermeerder hulle van binne af uit; hulle onttrek uit die vog van die aarde die stowwe en voedsel wat by hulle pas en neem dit uiteindelik, gesuiwer deur talle duisende kanaaltjies en buisies, in hulleself of in hulle lewe op.

[5] Die diere haal hulle voeding eintlik uit dieselfde bron uit –dit is maar net vooraf, hetsy in die organisme van die plante of in die reeds veel meer gereinigde vlees van die laagste diersoorte, meer gesuiwer as in die oorspronklike humus van die aarde.

[6] Die mens gebruik uiteindelik reeds die allerfynste en suiwerste uit die plantewêreld asook uit die dierewêreld. Hooi, gras en strooi voed hom nie meer nie. Van die plante het hy hoofsaaklik slegs koring nodig en van die bome die edelste, heuningsoet vrugte. Van die diere gebruik hy vernaamlik die deel wat as die suiwerste geld en hy het `n afkeer aan die vlees van onrein diere.

[7] Maar hoeveel afwykings, afdwalinge en sypaaie is daar nie net al op hierdie aarde by die tot volle wasdom kom van die plante- en dierewêreld nie, en tog bereik alles sy doel! `n Ondersoeker wat alles in die natuurwêreld sorgvuldig bekyk, sal wel vasstel dat die een altyd diensbaar is aan die ander en dat die een daar is om die ander te verhef en tot meer lewe te bring.

[8] Die lewe van die siel moet deur die verskillende natuurelemente gefiltreer word. Eers bevind sy haarself in die eter; daar konsentreer sy haarself deurdat die gelyke verbind met die gelyke, die ooreenkomstige en die verwante. Daardeur word sy swaarder en daal eers in haarself in haar eie sentrum in, word swaarder en swaarder en word uit haarself die reeds swaarder en tasbare lewensubstansie.

[9] Soos lug verbind sy haarself op dieselfde wyse as bo in die eter; daaruit vorm wolke en mis hulleself en hulle verbind hulleself weer, word waterdruppels en val op die aarde as reën, hael, sneeu, dou en in bepaalde streke as blywende en voortdurende vorme van newels en vogtige neerslae uit die lug.

[10] Die water moet, weliswaar as `n element wat nog baie ondergeskik is, maar reeds bokant eter en lug staan, nou al `n baie veelsydige, dienende funksie gaan vervul vir die hoërstaande prosesse ter konsentrasie van die lewe. Water moet vereers die lewe wat heeltemal of ten dele in die growwe materie tot klip verhard het, week maak en vir opname en deursending in homself, dit wil sê in die waterelement self, opneem; dit is die eerste bediening.

[11] Vervolgens moet dit sy lewensgeeste of in `n sekere sin sy geestelike substansiële deeltjies afgee aan die plante. As die deeltjies hulle in die plante stadig maar seker altyd meer ontwikkel tot vorme met bepaalde intelligensies, dan word hulle weer deur die water en die vogtige lug opgeneem, en die water moet weer aan hulle materiaal vir nuwe en vryer lewensvorme verskaf. So bly die water dus nog steeds diensbaar in sy eie sfeer, hoewel daar uit hierdie water per uur miriades maal miriades klein intelligensiedeeltjies van die sielelewe vrykom en altyd meer selfstandig word.

[12] Maar die plantelewe moet in die tweede instansie `n aantal dienste aanvaar en verrig wat reeds meer ingewikkeld is. Die dienste van die water is nog baie eenvoudig, terwyl die dienste van die plante vir die verdere bevordering van die lewe reeds by die waarneming van die eenvoudigste plant al baie ingewikkeld blyk te wees.

[13] Nog uitgebreider en belangriker is die diensverlening vir die verdere bevordering van die selfstandige sielelewe selfs in die eerste en eenvoudigste diere, wat die naaste aan die plantewêreld staan. En so word die bediening in elke hoëre vorm altyd meer ingewikkeld.

[14] As die sielelewe eenmaal geheel en al oorgegaan het in mensevorm, dan is diening *(om te dien: vertaler)* sy vernaamste bestemming. Daar is verskeie natuurlike dienste wat elke mensevorm as `n dwingende 'moet' opgelê is; daarbenewens is daar dan ook tallose vryer, en `n nog groter aantal heeltemal vrye morele dienste wat `n mens moet doen. En as hy in alle opsigte `n getroue dienaar was, het hy homself daardeur verhef tot die hoogste lewensvervolmaking. Nou, dit gebeur wel by sommige mense wat reeds vanaf geboorte op `n hoër peil geplaas is; maar by ander mense, wat so te sê nog naby die lyn van die diere staan, gebeur dit nie aan hierdie kant nie, en hulle verdere ontwikkeling vind eers aan die ander kant plaas - maar altyd langs die fundamentele weg van die ‘dien.’